# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

# Nuusbrief Newsletter

23 | 2026
04 | 09 | 2026

## BELANGRIKE DATUMS

Vry. 4-Sa. 5 Sept: Sewesrugby (o.15 & o.17-toernooi, Paarl)
Sa. 5 Sept: Reünie (1996-matriekklas)
Fietsry (bergfietskompetisie by Bloemendal)
Netbal Fast 5-toernooi (tuis)
So. 6 Sept: Tennis Finale Overbergproewe
Ma. 7 Sept: Gr 8-11 Toetsreeks begin
Wo. 9-Sa. 12 Sept: Nampo
Vry. 11-So. 13 Sept: Hokkie (CPL-toernooi)

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

4 Sept: Mnr Hardus Lourens (sportterrein)
7 Sept: Me Danelle van Niekerk
Me Franci Knox

## LIEF EN LEED

Mnr Retief is vanaf 4-18 September met mediese verlof. Ons bid vir 'n geslaagde operasie en 'n spoedige herstel.

## Respek / Respect

**Respek** beteken om mense, dinge en jouself met sorg, vriendelikheid en hoë agting te behandel.

**Respect** means treating people, things, and yourself with care, kindness, and high regard.

## BEHEERLIGGAAM

- Baie Geluk aan mnr **Wynand Wessels** wat vir drie maande bygevoeg is as gekoöpteerde lid die beheerligaam.
- Die **tussenverkiesing** om 'n nuwe ouerlid te verkies sal op 10 November plaasvind. Nominasies daarvoor sal vanaf 2 November geskied. 'n Formele brief hieroor sal aan ouers gestuur word.

## SOSIAAL

### LENTE BY HSB



Met die aanbreek van die nuwe seisoen het die ATKV-Raad sommer behoorlik kleur aan ons skool gebring! Pragtige, vars blomme van Weltevrede Flowers versier tans verskeie ruimtes en herinner ons daaraan dat lente 'n tyd van nuwe begin, groei en hoop is.

Mag hierdie seisoen ook vir ons gemeenskap 'n tyd wees om weer met in vars moed vorentoe te kyk, die mooi in die klein dinge raak te sien en nuwe geleenthede met oop arms te verwelkom.

Baie dankie Weltevrede Flowers vir die pragtige blomme en julle bydrae om 'n stukkie lente met ons almal te deel.

Mag daar hierdie lente oral waar ons gaan, iets mooi blom!

## HEUNINGBERG GEMEENSKAPSPROJEK

Op Donderdag, 27 Augustus, het Matthew Bantjes-Odendaal, Hailey Isaacs en Gabriella Dick in die terrastuintjie van die hoërskool op Heuningberg gaan werk. Ons tuintjie lyk baie mooi met verskeie grasse en blomme wat geil begin groei.



## MATRIC FAREWELL VIBES



Friday the 28th August was an extra special day for the BHS matrics because they received their invitations for the matric ball! Each matric learner received an invitation and a helium balloon as part of the invitation. Their faces show their excitement for yet another high school milestone! The matric farewell is on 23 September.
Emerald City awaits you, Matrics!

## SKENKING







## KULTUUR

### BD's SPOG MET NAASWENNER VAN MEDIA 24 POËSIEKOMPETISIE



Hartlik geluk aan Malienke van Wyk (gr 11) wat as naaswenner aangewys is in die landswye poësie-kompetisie wat jaarliks deur Media 24/Beeld in Onderwys aangebied word.

Dis 'n puik prestasie waarmee sy nie net prysgeld vir haarself losgeskryf het nie, maar ook vir haar en haar Afrikaanse onderwyser grafiese kursusse ter waarde van R3900 wen.

Haar sussie, Janíke van Wyk (gr 9), is ook gelys onder die groep skrywers wat 70-79% behaal het met haar gedig, getiteld "Vriende uit die Verlede".

Met Malienke se gedig, "Die dag toe ek moes kies", het sy die BD's baie trots gemaak. Beide leerder en onderwyser moes vrae rondom skryf en onderrig beantwoord en die onderskeie antwoorde was as volg:

Op die vraag hoekom sy vir die kompetisie ingeskryf het, het Malienke as volg geantwoord:
"Goeie Afrikaanse poësiekompetisies is skaars, so wanneer ons skrywers die geleentheid kry, gryp ons dit met beide hande."

Me Liezel van Schalkwyk se antwoord op hoe kreatiewe skryfwerk onderrig word: "'n Kombinasie van visuele stimulering, gepaste wenke en uit-jou-hart-uit-lewenservarings lei tot wen skryfstukke." Sy deel lesse uit eie ervaring en bederf die skrywer deur sy/haar geskrewe werk voor te lees. So bewys jy dat jy knap skryfwerk geniet en waardeer word deur ander."

Hoërskool Bredasdorp
**VISIE 2026**
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
**VISION 2026**
Success through Dedication

SPORT

RUGBY

# OWRM BHS 7s RUGBY TOURNAMENT

This past weekend the annual Bredasdorp High School 7's Rugby Tournament took place. The tournament was a major success with brilliant rugby and sportsmanship.

Bredasdorp High School would like to thank Overberg **Wealth and Risk Management**, **Santam** and **PG Glass** for their sponsorship of the tournament. A tournament like this would not be possible without your generous help.



## Uitslae HSB OWRM o.17-span

**Groepwedstryde**

- vs HS Robertson: wen 38 - 19
  Drieë: Whalied Fortune (3), Hugo Pretorius (2), Edmund O'Ehley
  Doelskoppe: Whalied Fortune (4)

- vs HS Montana: wen 33 - 21
  Drieë: Whalied Fortune (2), Hugo Pretorius (2) Whalon Abrahams
  Doelskoppe: Whalied Fortune (4)

**Groot Uitdaag Semi-finaal**

- vs HS Hermanus: wen 31 - 19
  Drieë: Whalied Fortune (2), Graham Eyles, Hugo Pretorius, Janeco Mars
  Doelskoppe: Whalied Fortune (3)

**Groot Uitdaag Finaal**

- o.17 vs HS Boys High: Verloor 14 - 35
  Drieë: Hugo Pretorius, Janeco Mars
  Doelskoppe: Whalied Fortune, Janeco Mars

## Uitslae HSB OWRM o.15-span

**Groepwedstryde**

- vs HS Oakdale: Verloor 45-19
  Drieë: Leighton Phillips (2), Gervinnio Stuart
  Doelskoppe: Leighton Phillips, Gervinnio Stuart

- vs HS Montana: Wen 69-5
  Drieë: Johannes van Zyl, Liam Arends, Leigton Phillips (2), Gervinnio Stuart (3), Reece Marais
  Doelskoppe: Leighton Phillips (6), Gervinnio Stuart (3)

**Semi-finaal**

- vs Hoër Landbouskool Oakdale: verloor 24-15
  Drieë: Gervinnio Stuart (2), Caleb Davids

## HSB OWRM 7'S RUGBY FINALE UITSLAE

**Uitslae o.15**

**PLAAT**: HS Montana wen HS Langenhoven 31-7

**SKILD**: Jakes Gerwel wen HS Robertson 22-12

**GROOT UITDAAG TROFEE**:
Boys High wen Hoër Landbouskool Oakdale 31-19

**Uitslae o.17**

**PLAAT**: HS Overberg wen HS Langenhoven 38-12

**SKILD**: HS Robertson wen Jakes Gerwel 12-0

**GROOT UITDAAG TROFEE**:
Boys High wen Hoërskool Bredasdorp 35-14

**O.17 SEWES RUGBYSPAN**






KWARTAALTEMA
Wees beter

TERM THEME
Be better

## SEWESRUGBY PRESTEERDERS

Baie geluk aan die volgende spelers wat gekies is vir die Span van die toernooi (top 10 spelers van die toernooi) by die Hoërskool Bredasdorp Sewestoernooi:

o.15: Leighton Phillips
o.17: Whalied Fortune, Hugo Pretorius

## TENNIS

Die HSB **Heuningberg Medical Centre-**tennisspan het verlede naweek aan die Swellendam Superspar Tennistoernooi, in Swellendam, deelgeneem en 3de geëindig. Dit was 'n goeie proeflopie om die litte aan die begin van die tennisseisoen los te maak en is deur elke speler geniet.




Agter vlnr: AJ Naudé, Stephan Lochner, mnr JP Terblanche (afrigter), Dirk Neethling, Daniël Fourie
Voor vlnr: Kirsten van Coppenhagen,Nina Terblanche, Lisa Bredel, Anna Truter

## JEUGSKOU

**MOORREESBURG JEUGSKOU – 2 September 2026**

**UITSLAE:**

Fotografie selfoon junior:
6de Servaas Franken

Fotografie selfoon senior:
Gesamentlike 6de plek:
Kiara Prins
Kalipa Siyongwana
Luché Fredericks
Christelize Kotze

4de Charmain Strauss
3de Candice Leonard
2de Racquelle Cupido
1ste Jaylin Carollisen

Fotografie kamera senior:
4de Zeviola Newman
2de Jessica Burger

Suiwelbereiding senior:
3de Janko Rossouw
2de Bradley Zindonda
1ste Leslie-Ann Janse van Rensburg

Kulinêrekuns junior:
5de Lushay Gabriels
4de Daniëlle van Tonder
3de Gabriella Dick
2de Amber Swart

Sierduif:
1ste Mila Kriel (met 100%)

Pluimvee:
1ste Wilmé Parsons

## SKAAK

**Wes-Kaap Top Skole byeenkoms**

Die skaakspelers het verlede naweek die Overberg-span in Bothasig by die Wes-Kaap Top Skole skaakbyeenkoms verteenwoordig. Hulle het goed gespeel. Ons is trots op hierdie spelers wat elke spel Saterdag gewen en uiteindelik 7de geëindig het nadat hulle Saterdag in die tiende posisie gelê het.



Foto vlnr: Aaron Moyo, Ukho Mfenyana, Bradley Zindonda, Gabriel Jonathan, Luke Valentine, Javen Hansen


















Hoërskool Bredasdorp
VISIE 2026
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
VISION 2026
Success through Dedication

EFFICIENT INSURE

Santam
dis nou vryheid

MIDAS

bp KWIK 'n GO
TYRE & FITMENT CENTRE

MW

Yvonne Latsky
Physiotherapy

Checkers

BILTONGLAND BREDASDORP
OVERBERG SENTRUM

CS
Crop Solutions

NETCOM
FIBER - WIRELESS - VOIP

RENT TO BUY CARS

VILLET

ikamva
Diesel 50PPM

AJ TYRES
079 469 1751

VIKING

ELIM slaghuis butchery

THEUNS DE BRUIN
KLINIESE SIELKUNDIGE

Langezandt Properties

Intshiba SA
CERAMIC & COFFEE SHOP

POSTNET

OVERBERG
PRE-OWNED

JANNIE ENGELBRECHT
OPTOMETRIST

Gavin's Trattoria
072 200 5530 - EST 2022 -

ROUX

Voermol
Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien

SUIDPUNT SEKURITEIT

HEUNINGBERG
MEDICAL
028 424 1101
Drs Barto Saayman & Johann Latsky

JANNIE ENGELBRECHT
OPTOMETRIST

ARRIE NEL
PHARMACY GROUP

REFRIGERATION & AIRCONS
D.K.

moov
ENERGY

SPUR

NATION
MUSHROOMS

Twin D
Tours

ANTOINETTE

SRS

STAR SIGNS

packtown

OVERBERG
WEALTH & RISK MANAGEMENT

adelldesigns

JEB CONNECT

AGRIMARK

P & B LIME WORKS
P & B KALKWERKE

PAINTSMITHS

LBF PROKUREURS ATTORNEYS
SEDERT • SINCE 1940

Harcourts
Cape Agulhas

KING CHICKEN
MONEY WELL SPENT

ROLA TOYOTA

LMI
SKALE / SCALES

InteliGro
intelligent crop solutions

ROLA Ford

OJ PLANT HIRE

AFRI POINT
PLUMBING
& GAS
078 832 6413

OVERBERG
SPECIALITY FOODS

bvsa
Meer as net syfers!

CHAS EVERITT
INTERNATIONAL PROPERTY GROUP

Bredasdorp
Tel: 028 425 1463

OVERBERG
SINCE 1918

Build it

Gemini Alu

SUPERSPAR
BREDASDORP